# BESTUURSOPSOMMING

# Jaarverslag 2016/2017

## VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER

Die 2016/2017-verslagjaar sal onthou word vir die vernietigende droogte wat oral in Suid-Afrika, waaronder die grootste deel van die Wes-Kaap, ervaar is. Die afwesigheid van reën en voortgesette daling van damvlakke na die huidige kritieke vlakke, maak dit baie duidelik hoe belangrik dit is om 'n bestendige vloei van skoon, drinkbare water van bergopvanggebiede na die mense van die Wes-Kaap vol te hou om die lewensbestaan en sy ekonomie te onderhou. Tans is ons grootste vrees vir wat in die toekoms sal gebeur as onvoldoende reënval voortduur en damvlakke kritiek laag bly.

Daar kan nie meer twyfel bestaan oor die belangrikheid daarvan om ekologiese infrastruktuur (riviere en strome, moeraslande en riviermondings) wat met ons bergopvanggbiede verbind word, te onderhou en te herstel nie. Bergopvanggbiede, wat deur CapeNature bestuur word, dien as "waterfabrieke", wat noodsaaklike ekologiese goedere en dienste aan mense en die ekonomie van die streek verskaf. Dié ekologiese goedere en dienste kan skoon, drinkbare water, skoon lug, visserye en bestuiwing insluit en rampbestuur verlig.

Grondtransformasie gaan voort om belangrike bewaring-, waterhulpbron- en lanbougebiede binne te dring, wat grootliks tot die verlies van die lewering van ekosisteemdienste lei. As die verlies aan natuurlika habitatte en ekosisteme in Suid-Afrika teen die huidige koers voortduur, soos voorspel word, sal daar teen omstreeks 2050 min natuurlike plantegroei en die gepaardgaande biodiversiteit, ekologiese infrastruktuur en lewering van ekosisteemdienste buite beskermde gebiede oor wees; dieselfde situasie kan vir die Wes-Kaap voorspel word.

CapeNature het daarin geslaag om die bewaringsgebied te vergroot deur 69 338 hektaar grond by te voeg wat tot die beskerming en onderhoud van belangrike biodiversiteitsgebiede en ekosisteme bydra, hoofsaaklik deur ooreenkomste wat met private grondeienaars gesluit is. Dié prestasie oortref die laagste vlak van die vyfjaar-teiken wat in die uitbreidingstrategie gestel word. Dié prestasie lewer 'n beduidende bydrae tot nasionale bewaringsteikens, en die bydrae van private grondeienaars word hiermee met dankbaarheid erken.

CapeNature steun 21 klein, middelslag- en mikro-ondernemings (KMMO's) in en rondom natuurreservate en altesame 557 indiensnemingskontrake ingevolge die Uitgebreide Program vir Openbare Werke (EPWP) is tussen CapeNature en werksoekers uit 70 gemeenskappe

oral in die Wes-Kaap gesluit. Wat bemoedigend is, is dat CapeNature aan die regering se werkskeppingsdoelwitte voldoen en dit oortref het deur werksgeleenthede aan jeugdiges, vroue en mense met gestremdhede te bied. Dit bevestig CapeNature se benadering daartoe om 'n belangrike rolspeler in die vestiging van biodiversiteit as die grondslag van die Wes-Kaapse ekonomie te bly.

CapeNature se voortgesette waaksaamheid en teenwoordigheid in die omgewing het tot baie suksesvolle vervolgings weens biodiversiteitsmisdaad gelei, en personeellede het in sowel land- as kusgebiede suksesvol tot voldoeningskontrolering saam met wetstoepassingsvennote op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak bygedra.

Hierdie jaarverslag beskryf die prestasies en suksesse van 'n arbeidsmag wat verbind tot en ingestel op die kernsake van CapeNature bly, naamlik om daardie ekosisteme te behou en te herstel, noodsaaklike ekologiese goedere en dienste aan mense te lewer om hul lewensbestaan vol te hou, en om die ekonomie van die streek te onderhou. Die probleme wat CapeNature en sy arbeidsmag weens kwynende hulpbronne en die al hoe strenger werksomgewing ondervind, word erken.

'n Woord van dank aan my voorganger, prof. Gavin Maneveldt, dat goeie bestuur tydens sy ampstermyn as voorsitter van die direksie volgehou is, asook aan die ander lede van die direksie.

Me Merle McOmbring-Hodges
Voorsitter van die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad
CapeNature

# OORSIG VAN DIE UITVOERENDE HOOF

## OORSIG

CapeNature het tydens die oorsigtydperk daarop gekonsentreer om bestuurstrukture deur die kontrolering van beleide, prosedures en stelsels te versterk. Die regeringsentrum vir tegniese advies (GTAC) is aangestel om 'n organisatoriese beoordeling van die entiteit te doen en die proses van organisatoriese ontwikkeling te rig. Fase 1 is afgehandel en sal in die komende jaar ingestel word om die funksionaliteit en inpassing by die organisasie te verbeter.

Om personeelwelstand te verseker, is die program van mediese toesig in Oktober 2016 met die goedkeuring van die beleid oor mediese toesig geformaliseer. Dié program is op alle personeellede van toepassing en reageer op personeelede wat die verpligting van sorg vir hulself en hul kollegas in die werksomgewing uitvoer. Deur die instelling van die program kry alle werknemers die geleentheid om op hul eie gesondheid en welstand te konsentreer en toepaslike mediese aanbevelings kry oor hoe om dit te verbeter.

CapeNature het twee pryse op die jaarlikse Mail & Guardian Greening the Future-toekenningseremonie gewen. CapeNature se program Biodiversiteitrentmeesterskap het in die kategorie Biodiversiteitrentmeesterskap gewen – 'n toekenning wat gemeenskappe, maatskappye, organisasies en/of individue erken wat biodiversiteit vertroetel. Die Bewaringopsporinghond- (BOH-) projek het in die kategorie Spesiebewaring gewen vir die projek se gebruik van BOH's om met geometriese opnames van skilpaaie te help. CapeNature se BOH-span het in 2016-'17 die taak verrig om geloofwaardige data oor hierdie kritiek bedreigde spesie en sy geassosieerde habitat te verkry.

## ALGEMENE FINANSIËLE OORSIG VAN DIE OPENBARE ENTITEIT

Die inkomste gegenereer het altesame R328 miljoen bedra. Die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DEA&DP) het R250 miljoen aan CapeNature toegewys, terwyl die res van die geld uit ander finansiers en eie inkomstestrome gegenereer is.

Die inkomste gegenereer uit eie inkomstestrome, soos toerisme, lisensies en permitte, asook rente ontvang, het die voorspellings oortref. Die begrotingsvertoning wat deur toerismeaktiwiteite behaal is, kan aan die opgradering en onderhoudswerk aan akkommodasiegeriewe, die aanbieding van buitelugavontuurgeleenthede in reservate, verkope van Wild-kaarte, toegangsgelde betaal, asook gelde verdien uit verfilming toegeskryf word. Die inkomste uit natuurgegronde toerismeaktiwiteite het in die verslagjaar vir die derde aggtereenvolgende jaar 'n beduidende toename op 'n jaargrondslag getoon. Groot sukses het op die bou van nuwe en die verbetering van bestaande ekotoerismegeriewe en die instelling van 'n nuwe besprekingstelsel gevolg.

Omdat daar op 'n kontant- of depositobasis vir die meeste toerismeaktiwiteite betaal word, het die entiteit nie 'n beduidende debiteureboek vergeleke met die inkomste wat verdien is nie. Debiteure bedra R6 miljoen, waarvan R5 miljoen debiteure van minder as 30 dae oud verteenwoordig. Die entiteit het maatreëls ingestel om uitstaande skuld in te vorder.

## BESTENDINGSTENDENSE VAN DIE OPENBARE ENTITEIT

Aanpassings aan die verdeling van inkomste volgens die mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR) het daartoe gelei dat die vertoning van CapeNature se eie inkomstestrome verbeter het terwyl waarde vir geld uit bestaande hulpbronne behaal is en kostebesparingsmaatreëls ingestel is.

Die entiteit se totale uitgawes was minder as die R13 miljoen waarvoor begroot is. Die onverwagte vertraging wat met die ontwikkeling van fase 2 van die Kogelberg-natuurreservaat ondervind is, was die rede vir die onderbesteding van R3 miljoen. Die entiteit het hom daartoe verbind om dit in die komende boekjaar te bestee wanneer die projek na verwagting sal begin.

Bedryfsprobleme wat met die uitwissing van indringerplante ondervind is, het tot gevolg gehad dat nog R4,8 miljoen nie bestee is nie.

Besparings is met die inligtingtegnologie-netwerk en konsultantkoste behaal as deel van kostebesparingsmaatreëls en die deurvoer van doeltreffendhede. Die ooreenkoms met die Wes-Kaapse Provinsiale Opleidinginstituut het verdere besparing opgelewer.

## KAPASITEITSBEPERKINGE EN PROBLEME WAT OPENBARE ENTITEIT ONDERVIND

CapeNature se bedrywighede en personeelgroei word beperk omdat die vlakke van bedrywighede weens die vermindering van beskikbare hulpbronne in die MTBR nie volgehou kan word nie. Gevolglik bly die volhoubaarheid van personeelverpligtinge, saam met die belemmerde toename in die vereiste bedryfsfinansiering sorgwekkend. Die entiteit het weens beperkte hulpbronne hoofsaaklik op sektoraanwysers en nasionale oogmerke gekonsentreer.

## GESTAAKTE AKTIWITEITE / AKTIWITEITE WAT GESTAAK SAL WORD

Geeneen van CapeNature se programme is in die oorsigtydperk gestaak nie omdat hulle steeds relevant is, onderling verbonde is, en met sowel nasionale as provinsiale prioriteite ooreenstem. Daarby is geen eenhede gestaak nie uit erkentlikheid vir die belangrikheid van ondersteuningstake wat verantwoordelik is om bestuur, voldoening en die volhoubaarheid van eie inkomstestrome te verseker.

Die entiteit kon weens begrotingsbeperkinge nie verhogings vir alle programme inreken nie.

## NUWE OF VOORGESTELDE AKTIWITEITE

Geen nuwe aktiwiteite is ingestel nie.

## AANBODKETTINGBESTUUR

### Alle afgehandelde, ongevraagde bodvoorstelle vir die oorsigjaar

Geen ongevraagde botte is in die oorsigjaar ontvang nie.

### Of aanbodkettingprosesse en -stelsels bestaan

Die entiteit het doeltreffende aanbodkettingbestuurstelsels volgehou.

### Probleme ondervind en hoe hulle opgelos sal word

Die instelling van die nuwe regulasies oor voorkeurverkryging, 2017 (PPPFA), verteenwoordig 'n uitdaging vir die entiteit. Die entiteit werk met die betrokke amptenare in die provinsiale tesourie saam om die regulasies toe te pas.

### Ouditverslagsake in die vorige jaar en hoe hulle aandag sou kry

Daar was in die vorige jaar geen sake wat met die aanbodketting verband gehou het nie.

### Vooruitsig en toekomsplanne om aan finansiële probleme aandag te gee

Om gesonde finansiëlebestuurspraktyke te verseker, sal CapeNature voortgaan om streng beheermaatreëls in te stel, waaronder maandelikse finansiële oorsigte om die finansiële prestasie te kontroleer.

### Gebeure ná die verslagdoeningsdatum

Die Wes-Kaap het in Junie 2017 die ergste brande in die opgetekende geskiedenis in die Suid-Kaap ondervind. Die gebied is tot 'n rampgebied verklaar, met Knysna en Plettenbergbaai en omstreke wat geraak is. CapeNature het uitvoerige infrastruktuurverliese gely waarvan die waarde nog nie bepaal is nie.

'n Artikel 3-kennisgewing is aan CapeNature beteken van 'n moontlike toekomstige brandeis in die Hottentots-Holland-natuurreservaat. Die voorval het ses maande voor die datum plaasgevind en die ondersoek duur voort. Geen waarde van verlies of skade is al bepaal nie.

'n Artikel 3-kennisgewing is ook aan CapeNature beteken van 'n moontlike toekomstige brandeis in die Limietberg-natuurreservaat. Hierdie voorval het ook ses maande voor die datum plaasgevind en die ondersoek duur voort.

## EKONOMIESE LEWENSVATBAARHEID

CapeNature worstel steeds met hulpbronbeperkinge en al word dit deur druk op die staatskas geraak, is verskeie maatreëls ingestel om dit te verlig. Die entiteit het aangehou om soberheidsmaatstawwe in te stel wat deur die nasionale tesourie voorgeskryf is, terwyl hy daartoe verbind bly om tot volhoubare groei deur werkskepping in die provinsie by te dra.

Die entiteit streef daarna om aanvaarbare finansiële en administrasiebeginsels toe te pas wat aan al die betrokke wetsvoorskrifte voldoen.

## ERKENNING/S OF WAARDERING

Ek erken met dankbaarheid die leiding wat van die Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad, professor Gavin Maneveldt, vorige voorsitter, me Merle McOmbring-Hodges, huidige voorsitter, en verskeie direksiekomitees ontvang is.

Ek wil ook vir Anton Bredell, minister van plaaslike regering, omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning, en die staande komitee van die DEA&DP vir hul aanbevelings en aanmoediging bedank.

Ondersteuning is ook geredelik beskikbaar deur ander departemente, sowel nasionaal as provinsiaal. Ek is verder dankbaar teenoor die DEA&DP vir sy voortgesette gewaardeerde ondersteuning.

My finale dank gaan aan al CapeNature se personeellede vir hul harde werk en toewyding in die oorsigtydperk.

Dr. Razeena Omar
UITVOERENDE HOOF
CapeNature

# PRESTASIEOPSOMMING

## Administrasie en bestuur




## Biodiversiteitsondersteuning




CapeNature
2 Aanwysers
9%
21 Aaynwysers
91%
Behaal (100%+)
Gedeeltelik behaal (50%-99%)
Nie behaal nie (0%-49%)


Bewaringsbestuur
1 aanwyser
20%
4 aanwysers
80%

Bemarking en ekotoerisme
5 aanwysers
100%

# FINANSIËLE OPSOMMING

Vierde agtereenvolgende ongekwalifiseerde oudit

Styging van 12% in toerisme-inkomste

Bate-investering van R22 miljoen

## VERKORTE FINANSIËLE STATE*

### VERKORTE VERKLARING VAN FINANSIËLE PRESTASIE

| | 2017 | 2016 |
|---|---|---|
| | R'000 | |
| Ruilinkomste | 47 365 | 40 542 |
| Oordraginkomste | 280 605 | 288 882 |
| **Totale inkomste** | **327 970** | **329 424** |
| | | |
| Werknemerkoste | 185 589 | 172 902 |
| Ander uitgawes | 125 890 | 111 103 |
| **Totale uitgawes** | **311 479** | **284 005** |
| | | |
| **Bedryfsoorskot** | **16 491** | **45 419** |

### VERKORTE VERKLARING VAN FINANSIËLE POSISIE

| | | |
|---|---|---|
| Bedryfsbates | 133 313 | 120 789 |
| Niebedryfsbates | 130 219 | 119 068 |
| **Totale bates** | **263 532** | **239 857** |
| | | |
| Bedryfslaste | 49 187 | 37 461 |
| Niebedryfslaste | 49 301 | 54 567 |
| **Totale bates** | **98 488** | **92 028** |
| | | |
| **Netto bates** | **165 044** | **147 829** |

**Verwys vir 'n volledige stel finansiële state asseblief na ons jaarverslag, wat op ons webwerf (www.capenature.co.za) gevind kan word.*